Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

Government Gazette

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

VOL. CCIV.] PRICE 5c. CAPE TOWN, 19TH MAY, 1961. KAAPSTAD, 19 MEI 1961. PRYS 5c. [No. 6692.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 761.] [19th May, 1961.

It is hereby notified that His Excellency the Officer Administering the Government, has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information:—

PAGE

No. 38 of 1961: Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961 ... 2

No. 39 of 1961: General Law Amendment Act, 1961 6

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 761.] [19 Mei 1961.

Hierby word bekend gemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om sy goedkeuring te heg aan die onderstaande Wette, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 38 van 1961: Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961 3

No. 39 van 1961: Algemene Regswysigingswet, 1961 7

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 38, 1961.]

ACT

To provide for the appointment of locally recruited staff for the office of the Union's diplomatic mission in the United Kingdom, for the repeal of the High Commissioner's Act, 1911, and for matters incidental thereto; and to amend the Government Service Pensions Act, 1955.

(*Afrikaans text signed by the Officer Administering the Government.*)
(*Assented to 18th May*, 1961.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Appointment of locally recruited staff in the United Kingdom.

1. (1) The Minister of Finance or, if authorized thereto by him, any officer or employee in the public service may, subject to the laws governing the public service, appoint such locally recruited staff in the United Kingdom as may from time to time be necessary in the office of the Union's diplomatic mission in the United Kingdom.

(2) Any person appointed in terms of sub-section (2) of section *five* of the High Commissioner's Act, 1911 (Act No. 3 of 1911), and holding a post in the said office at the date of commencement of this Act, shall be deemed to have been appointed under the provisions of sub-section (1).

Reference to "Crown Agents", etc., deemed to be a reference to the head of the Union's diplomatic mission in the United Kingdom.

2. Any reference in any law to "Crown Agents" or "Crown Agents for the Colonies" or "Agent-General" shall be construed as a reference to the head of the Union's diplomatic mission in the United Kingdom.

Substitution of section 24 of Act 58 of 1955.

3. The following section is hereby substituted for section *twenty-four* of the Government Service Pensions Act, 1955:

"Contributions by persons appointed or deemed to have been appointed under section 1 of the Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961.

24. Notwithstanding the provisions of paragraph (*h*) of section *seven*—

(*a*) any person appointed under the provisions of sub-section (1) of section *one* of the Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961, who occupies a post designated by the Commission for the purposes of this section, shall, subject to the provisions of the said section *seven*, other than those of paragraph (*h*) thereof, and to such conditions as the Commission may determine, contribute to the fund in accordance with the scale set forth in section *twenty-five*;

(*b*) any person who in terms of sub-section (2) of section *one* of the Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961, is deemed to have been appointed under sub-section (1) of that section and who immediately prior to the date of commencement of that Act was contributing to the fund shall continue so to contribute.".

Amendment of section 61 of Act 58 of 1955.

4. Section *sixty-one* of the Government Service Pensions Act, 1955, is hereby amended by the substitution in sub-section (4) for all the words preceding the proviso thereto of the words "The provisions of paragraph (*a*) of sub-section (1), and of sub-section (2) of this section, other than the proviso thereto, shall apply to any person appointed under sub-section (2) of section *five* of the High Commissioner's Act, 1911 (Act No. 3 of 1911), to a clerical post in the office of the High Commissioner referred to therein, or to any post in the said office approved by the Commission for the purposes of this sub-section, who is in terms of sub-section (2) of section *one* of the Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961, deemed to have

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 38, 1961.]

WET

Om voorsiening te maak vir die aanstelling van plaaslik gewerfde personeel vir die kantoor van die Unie se diplomatieke sending in die Verenigde Koninkryk, vir die herroeping van die „Hoge Kommissaris Wet, 1911", en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan; en tot wysiging van die Regeringsdiens-pensioenwet, 1955.

(*Afrikaanse teks deur die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Mei* 1961.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

Aanstelling van plaaslik gewerfde personeel in die Verenigde Koninkryk.

1. (1) Die Minister van Finansies of, indien daartoe deur hom gemagtig, enige beampte of werknemer in die Staatsdiens, kan, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens, sodanige plaaslik gewerfde personeel in die Verenigde Koninkryk aanstel as wat van tyd tot tyd nodig mag wees in die kantoor van die Unie se diplomatieke sending in die Verenigde Koninkryk.

(2) Enige persoon wat ingevolge sub-artikel (2) van artikel *vyf* van die „Hoge Kommissaris Wet, 1911" (Wet No. 3 van 1911), aangestel is en wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet 'n pos in genoemde kantoor beklee, word geag kragtens die bepalings van sub-artikel (1) aangestel te gewees het.

Verwysing na „Kroonagenten", ens., word geag 'n verwysing na die hoof van die Unie se diplomatieke sending in die Verenigde Koninkryk te wees.

2. Enige verwysing in 'n wet na „Kroonagenten" of „Kroonagenten voor de Kolonie" of „Agent-generaal" word uitgelê as 'n verwysing na die hoof van die Unie se diplomatieke sending in die Verenigde Koninkryk.

Vervanging van artikel 24 van Wet 58 van 1955.

3. Artikel *vier-en-twintig* van die Regeringsdienspensioenwet, 1955, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bydraes deur persone wat aangestel is of geag word aangestel te wees kragtens artikel 1 van die Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961.

24. Ondanks die bepalings van paragraaf (*h*) van artikel *sewe*—

(*a*) moet enige persoon kragtens die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *een* van die Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961, aangestel wat 'n pos beklee wat die Kommissie vir die doeleindes van hierdie artikel aangewys het, onderworpe aan die bepalings van genoemde artikel *sewe*, behalwe dié van paragraaf (*h*) daarvan, en aan die voorwaardes wat die Kommissie bepaal, ooreenkomstig die skaal in artikel *vyf-en-twintig* uiteengesit tot die fonds bydra;

(*b*) moet enige persoon wat ingevolge sub-artikel (2) van artikel *een* van die Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961, geag word kragtens sub-artikel (1) van daardie artikel aangestel te gewees het en wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van daardie Wet tot die fonds bygedra het, aanhou om aldus by te dra.".

Wysiging van artikel 61 van Wet 58 van 1955.

4. Artikel *een-en-sestig* van die Regeringsdiens-pensioenwet, 1955, word hierby gewysig deur in sub-artikel (4) al die woorde voor die voorbehoudsbepaling daarby deur die woorde „Die bepalings van paragraaf (*a*) van sub-artikel (1), en van sub-artikel (2) van hierdie artikel, behalwe die voorbehoudsbepaling daarby, is van toepassing op iemand kragtens sub-artikel (2) van artikel *vyf* van die ‚Hoge Kommissaris Wet, 1911' (Wet No. 3 van 1911), aangestel in 'n klerklike pos in die kantoor van die daarin bedoelde Hoë Kommissaris, of in 'n pos in daardie kantoor wat die Kommissie vir die doeleindes van hierdie sub-artikel goedgekeur het, wat ingevolge sub-artikel (2) van artikel *een* van die Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961, geag word kragtens die bepalings

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

been appointed under the provisions of sub-section (1) of that section and who did not become a member of the old fund under section *eighteen* of the Pensions Act:".

Repeal of laws.

5. The laws mentioned in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

Short title and commencement.

6. This Act shall be called the Diplomatic Mission in United Kingdom Service Act, 1961, and shall come into operation upon a date to be fixed by the Governor-General by proclamation in the *Gazette*.

Schedule.

LAWS REPEALED.

No. and year of law.	Title or subject matter.	Extent of repeal.
Act No. 3 of 1911 ..	High Commissioner's Act, 1911 ..	The whole.
Act No. 41 of 1942 ..	Finance Act, 1942	Section *thirteen*.
Act No. 28 of 1948 ..	Finance Act, 1948	Section *six*.
Act No. 34 of 1954 ..	Finance Act, 1954	Section *six*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van sub-artikel (1) van daardie artikel aangestel te gewees het en wat nie kragtens artikel *agtien* van die Pensioenwet 'n lid van die ou fonds geword het nie:" te vervang.

Herroeping van wette.

5. Die wette in die Bylae genoem, word hierby herroep vir sover in die derde kolom daarvan uiteengesit.

Kort titel en inwerkingtreding.

6. Hierdie Wet heet die Wet op Diens by Diplomatieke Sending in Verenigde Koninkryk, 1961, en tree in werking op 'n datum wat die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Bylae.

WETTE HERROEP.

No. en jaar van Wet.	Titel of onderwerp.	In hoeverre herroep.
Wet No. 3 van 1911 ..	„Hoge Kommissaris Wet, 1911". ..	Die geheel.
Wet No. 41 van 1942 ..	Finansiewet, 1942	Artikel *dertien.*
Wet No. 28 van 1948 ..	Finansiewet, 1948	Artikel *ses.*
Wet No. 34 van 1954 ..	Finansiewet, 1954	Artikel *ses.*

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 39, 1961.]

ACT

To amend the Arms and Ammunition Act, 1937, the Criminal Procedure Act, 1955, and the Riotous Assemblies Act, 1956.

(*English text signed by the Officer Administering the Government.*)
(*Assented to* 18*th May*, 1961.)

BE IT ENACTED by the Queen's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 28 of 1937, as amended by section 15 of Act 32 of 1952, section 1 of Act 2 of 1956 and section 33 of Act 68 of 1957.

1. Section *two* of the Arms and Ammunition Act, 1937, is hereby amended by the deletion in sub-section (1) of the proviso thereto.

Insertion of section 4*bis* in Act 28 of 1937.

2. The following section is hereby inserted in the Arms and Ammunition Act, 1937, after section *four*:

"Persons may be required to renew or to apply for licences.

4*bis*. (1) The Governor-General may at any time by proclamation in the *Gazette*—

(*a*) require every person who, on the date of publication of the proclamation in the *Gazette*, holds a valid licence to possess an arm issued under section *three* or *four*, to surrender such licence to the magistrate of the district in which he resides before a date specified in the proclamation;

(*b*) require every person who is on the date of publication of the proclamation in the *Gazette* in possession of an arm for which he does not hold such a licence to apply for a licence therefor in terms of section *four* before a date specified in the proclamation;

(*c*) provide for the cancellation of any licence surrendered to a magistrate in terms of a proclamation issued under paragraph (*a*) and for the issue by such magistrate, without fee, of a licence in substitution for a licence which has been so cancelled;

(*d*) provide that any licence which should in terms of a proclamation issued under paragraph (*a*) have been surrendered to a magistrate before the date specified therein, but was not so surrendered, shall become null and void on such date;

(*e*) prescribe the circumstances under which and the conditions subject to which a licence may be issued to any person referred to in paragraph (*b*) in respect of an arm to which that paragraph relates and provide for the exemption of that person from compliance with any specified requirements of this Act in connection with the issue of that licence;

(*f*) provide that any person referred to in paragraph (*b*) shall not be liable to prosecution in respect of his possession of any arm in respect of which he applies for a licence in terms of a proclamation issued under paragraph (*b*) during any period preceding the date of his application.

(2) A licence issued in substitution for another licence in terms of a proclamation issued under paragraph (*c*) shall for all purposes be deemed to be a licence which was issued under the section under which the original licence was issued.".

Amendment of section 5 of Act 28 of 1937.

3. Section *five* of the Arms and Ammunition Act, 1937, is hereby amended by the insertion in paragraph (*b*) after the word "*twelve*" of the words "or in terms of a proclamation issued under paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *four bis*".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 39, 1961.]

WET

Tot wysiging van die Wapens- en Ammunisiewet, 1937, die Strafproseswet, 1955, en die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956.

(*Engelse teks deur die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Mei* 1961.)

DIT WORD BEPAAL deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 28 van 1937, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 32 van 1952, artikel 1 van Wet 2 van 1956 en artikel 33 van Wet 68 van 1957.

1. Artikel *twee* van die Wapens- en Ammunisiewet, 1937, word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die voorbehoudsbepaling daarby te skrap.

Invoeging van artikel 4*bis* in Wet 28 van 1937.

2. Die volgende artikel word hierby na artikel *vier* in die Wapens- en Ammunisiewet, 1937, ingevoeg:

„Persone kan aangesê word om lisensies te hernieu of om aansoek om lisensies te doen.

4*bis*. (1) Die Goewerneur-generaal kan te eniger tyd by proklamasie in die *Staatskoerant*—

(*a*) iedere persoon wat op die datum van publikasie van die proklamasie in die *Staatskoerant* 'n geldige lisensie, kragtens artikel *drie* of *vier* uitgereik, om 'n wapen te besit, het, aansê om sodanige lisensie, voor 'n datum in die proklamasie vermeld, aan die magistraat van die distrik waarin hy woon, te oorhandig;

(*b*) iedere persoon wat op die datum van publikasie van die proklamasie in die *Staatskoerant* in besit is van 'n wapen waarvoor hy nie so 'n lisensie het nie, aansê om, voor 'n datum in die proklamasie vermeld, aansoek te doen om 'n lisensie daarvoor ingevolge artikel *vier*;

(*c*) voorsiening maak vir die intrekking van 'n lisensie wat ingevolge 'n proklamasie uitgevaardig kragtens paragraaf (*a*) aan 'n magistraat oorhandig word en vir die kostelose uitreiking deur sodanige magistraat van 'n lisensie ter vervanging van 'n lisensie wat aldus ingetrek is;

(*d*) bepaal dat 'n lisensie wat ingevolge 'n proklamasie uitgevaardig kragtens paragraaf (*a*) voor 'n daarin vermelde datum aan 'n magistraat oorhandig moes gewees het, maar nie aldus oorhandig is nie, op sodanige datum ongeldig word;

(*e*) die omstandighede waaronder en die voorwaardes waarop 'n lisensie aan 'n in paragraaf (*b*) bedoelde persoon uitgereik mag word ten opsigte van 'n wapen waarop daardie paragraaf betrekking het, voorskryf en voorsiening maak vir die vrystelling van daardie persoon van voldoening aan enige vermelde vereistes van hierdie Wet in verband met die uitreiking van daardie lisensie;

(*f*) bepaal dat 'n in paragraaf (*b*) bedoelde persoon nie aan vervolging ten opsigte van sy besit van 'n wapen, ten opsigte waarvan hy ingevolge 'n proklamasie uitgevaardig kragtens paragraaf (*b*) om 'n lisensie aansoek doen, gedurende enige tydperk wat die datum van sy aansoek voorafgaan, sal blootstaan nie.

(2) 'n Lisensie wat ingevolge 'n proklamasie uitgevaardig kragtens paragraaf (*c*) uitgereik word ter vervanging van 'n ander lisensie word vir alle doeleindes geag 'n lisensie te wees wat uitgereik is kragtens die artikel waarkragtens die oorspronklike lisensie uitgereik was.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 28 van 1937.

3. Artikel *vyf* van die Wapens- en Ammunisiewet, 1937, word hierby gewysig deur in paragraaf (*b*) na die woord „*twaalf*" die woorde „of ingevolge 'n proklamasie uitgevaardig kragtens paragraaf (*d*) van sub-artikel (1) van artikel *vier bis*" in te voeg.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Insertion of section 108*bis* in Act 56 of 1955.

4. The following section is hereby inserted in the Criminal Procedure Act, 1955, after section *one hundred and eight*:

"Powers of Attorney-General to prohibit release on bail or otherwise.

108*bis*. (1) Whenever any person has been arrested on a charge of having committed any offence, the Attorney-General may, if he considers it necessary in the interest of the safety of the public or the maintenance of public order, issue an order that such person shall not be released on bail or otherwise before the expiration of a period of twelve days after the date of his arrest.

(2) Notwithstanding the provisions of this Act or any other law, but subject to the provisions of sub-section (3), no person shall be released on bail or otherwise contrary to the terms of an order issued under sub-section (1).

(3) The Attorney-General may at any time before its expiration rescind any order issued under sub-section (1).

(4) Any telegraphic copy purporting to be a copy of an order under sub-section (1) transmitted by telegraph, shall for all purposes be *prima facie* proof of the facts set forth in such copy.

(5) Subject to the provisions of sub-section (6), the provisions of this section shall lapse on the first day of June, 1962.

(6) The operation of the provisions of this section may from time to time by resolution of the Senate and the House of Assembly be extended for a period not exceeding twelve months at a time.".

Amendment of section 111 of Act 56 of 1955, as amended by section 26 of Act 50 of 1956 and section 12 of Act 16 of 1959.

5. Section *one hundred and eleven* of the Criminal Procedure Act, 1955, is hereby amended by the insertion after the word "commit" of the words "murder or arson or".

Amendment of section 2 of Act 17 of 1956.

6. Section *two* of the Riotous Assemblies Act, 1956, is hereby amended—

(*a*) by the deletion in paragraph (*a*) of sub-section (4) of the words "and in contravention thereof";

(*b*) by the insertion in sub-paragraph (i) of the said paragraph (*a*) after the word "convenes" of the words "or encourages, promotes or by means of threats causes the assembly or attendance of, or";

(*c*) by the addition at the end of sub-paragraph (ii) of the said paragraph (*a*) of the words "or advertises or in any other manner makes known the proposed assembly of";

(*d*) by the insertion in the said sub-section (4) after the word "gathering", where it occurs for the second time, of the words "the assembly whereof has been so prohibited,", and the substitution therein for the words "three months" of the words "one year"; and

(*e*) by the substitution in the said sub-section (4) for the words "six months", where they occur for the first time, of the words "two years".

Amendment of section 7 of Act 17 of 1956.

7. Section *seven* of the Riotous Assemblies Act, 1956, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-section (1) for the words "inspector or captain" of the words "head constable"; and

(*b*) by the substitution in sub-section (2) for the words "the penalties mentioned in section *six*" of the words "a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding one year".

Amendment of section 10 of Act 17 of 1956.

8. Section *ten* of the Riotous Assemblies Act, 1956, is hereby amended—

(*a*) by the deletion of the words "in respect of employment"; and

(*b*) by the addition at the end thereof of the words "unless he proves that he had a lawful reason so to act or that his action was not connected with any similar action by any other persons to achieve a particular purpose".

Short title.

9. This Act shall be called the General Law Amendment Act, 1961.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE TIMES LIMITED.—C877.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Invoeging van artikel 108*bis* in Wet 56 van 1955.

4. Die volgende artikel word hierby in die Strafproseswet, 1955, na artikel *honderd-en-agt* ingevoeg:

„Bevoegdheid van prokureur-generaal om vrylating op borgtog of andersins te verbied.

108*bis*. (1) Wanneer iemand in hegtenis geneem is op 'n aanklag dat hy 'n misdryf gepleeg het, kan die prokureur-generaal, indien hy dit in belang van die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde nodig ag, 'n bevel uitreik dat so iemand nie voor die verstryking van 'n tydperk van twaalf dae na die datum van sy inhegtenisneming op borgtog of andersins vrygelaat mag word nie.

(2) Ondanks die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, maar behoudens die bepalings van sub-artikel (3), word niemand in stryd met die bepalings van 'n bevel kragtens sub-artikel (1) uitgereik, op borgtog of andersins vrygelaat nie.

(3) Die prokureur-generaal kan te eniger tyd voor die verstryking van 'n bevel kragtens sub-artikel (1) uitgereik, die bevel intrek.

(4) 'n Telegrafiese afskrif wat 'n afskrif van 'n telegrafies versende bevel kragtens sub-artikel (1) heet te wees, is vir alle doeleindes *prima facie* bewys van die feite wat in die afskrif uiteengesit word.

(5) Behoudens die bepalings van sub-artikel (6), verval die bepalings van hierdie artikel op die eerste dag van Junie 1962.

(6) Die toepassing van die bepalings van hierdie artikel kan van tyd tot tyd by besluit van die Senaat en die Volksraad vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande op 'n keer verleng word.".

Wysiging van artikel 111 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 50 van 1956 en artikel 12 van Wet 16 van 1959.

5. Artikel *honderd-en-elf* van die Strafproseswet, 1955, word hierby gewysig deur na die woorde „aangekla word" die woorde „weens moord of brandstigting of poging tot moord of brandstigting of" in te voeg.

Wysiging van artikel 2 van Wet 17 van 1956.

6. Artikel *twee* van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, word hierby gewysig—

(*a*) deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (4) die woorde „in stryd met die verbod" te skrap;

(*b*) deur in sub-paragraaf (i) van genoemde paragraaf (*a*) na die woord „samekoms" die woorde „die byeenkoms waarvan aldus verbied is," en na die woord „belê" die woorde „of die byeenkoms of bywoning daarvan aanmoedig, bevorder of deur middel van dreigemente teweegbring" in te voeg;

(*c*) deur aan die end van sub-paragraaf (ii) van genoemde paragraaf (*a*) die woorde „of die voorgenome byeenkoms daarvan adverteer of op enige ander wyse bekend maak" by te voeg;

(*d*) deur in genoemde sub-artikel (4) die woorde „drie maande" deur die woorde „een jaar" te vervang; en

(*e*) deur in genoemde sub-artikel (4) die woorde „ses maande", waar hulle die eerste maal voorkom, deur die woorde „twee jaar" te vervang.

Wysiging van artikel 7 van Wet 17 van 1956.

7. Artikel *sewe* van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, word hierby gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (1) die woorde „inspekteur of kaptein" deur die woord „hoofkonstabel" te vervang; en

(*b*) deur in sub-artikel (2) die woorde „die strawwe in artikel *ses* vermeld" te vervang deur die woorde „'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar".

Wysiging van artikel 10 van Wet 17 van 1956.

8. Artikel *tien* van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956, word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „met betrekking tot diensverrigting" te skrap; en

(*b*) deur aan die end daarvan die volgende woorde by te voeg: „tensy hy bewys dat hy wettige rede gehad het om aldus op te tree of dat sy optrede nie in verband staan met dergelike optrede deur ander persone om 'n bepaalde doel te bereik nie".

Kort titel.

9. Hierdie Wet heet die Algemene Regswysigingswet, 1961.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR CAPE TIMES LIMITED.—C877.